

Blaarmynernavorsing

Die aartappelblaarmyner is nog steeds 'n ernstige plaag in die meeste aartappelverbouingsgebiede in Suid-Afrika. Nadat die eerste uitbrake in die Sandveld in 1999 plaasgevind het, het navorsing bewys dat die meeste middels wat die boere in daardie tyd teen die plaag gebruik het, geen effek op hul getalle gehad het nie.

Huidige navorsing bekyk weer al die middels wat boere tans gebruik, maar hierdie keer om te bepaal watter middels veilig is teen parasitoëde.

Blaarmyner, tesame met die aartappelmot, plantluise en nematodes, word vandag as die vier ernstigste sleutelplae op aartappels beskou. Nematodes is grondplae wat

knolle misvorm en opbrengste verlaag. Nematodes word normaalweg as grondtoedienings gebruik en word dus nie op groot skaal op plante toegedien nie. Blaarmyner beïnvloed opbrengste indirek terwyl aartappelmot opbrengste direk beïnvloed deur beskadigde knolle. Plantluise as sulks beskadig nie



Diedrich Visser, LNR - Roodeplaat

aartappelplante nie, maar is virusvektore wat die sertifisering van moere nadelig kan beïnvloed. Die meeste insekdoders wat tans op aartappel-lower gespuit word, is teen laasgenoemde drie plae. Die vraag kan dus gevra word wat al hierdie middels se invloed is teen nie-teiken plae soos natuurlike vyande wat ook die parasitoëde insluit.

Parasitoëde van die blaarmyner kan 'n uiters belangrike rol in natuurlike beheer speel. In 'n onlangse opname in die Limpopo provinsie (Dendron omgewing), is gevind dat by drie van die vier plase wat besoek was, die persentasie parasitering hoër as 85% was. Dit beteken dat die parasitoëde alleen verantwoordelik was vir 'n beheer wat beter is as wat sommige insekdoders gee. Maar hoekom word daar dan nog teen die blaarmyner gespuit as die parasitoëde voldoende beheer kan gee? Een van die antwoorde is dat die boer onwetend of onvermydelik die parasitoëde uitwis met spuitprogramme. Soos bo genoem word middels teen blaarmyner, mot en plantluise

op 'n gereelde basis in baie aartappellande gebruik. Daar is tans ook nog 46 insekdoders op aartappels teen 10 plae geregistreer (kontak die outeur vir 'n lys). LNR-Roodeplaat is tans besig om al hierdie middels te toets om te bepaal watter invloed hulle op die parasitoëde van die blaarmyner het. Die middels sal uiteindelik as "hard" of "sag" gelys word wat betref hul effek op parasitoëde. Die uiteindelijke doel is om vir die boer 'n keuse te kan gee van watter middels om te gebruik indien hy vir 'n spesifieke plaag wil spuit en ook die parasitoëde wil beskerm.

Vir hierdie navorsing word groot aantalle parasitoëde benodig. Parasitoëde word in lande versamel saam met vliegglarwes in blaarmyne. Hulle word dan in die laboratorium uitgeteel en gebruik in die evaluasies van middels. Indien enigiemand bereid is om behulpsaam te wees om blaarmyne in lande te versamel en na LNR-Roodeplaat te versend (koste sal deur LNR-Roodeplaat betaal word), kan hulle vir Diedrich Visser by 012 841 9699 skakel.